BURGER (Oos Kaap)
03 Mar 2009
Page : 3 #

Beraad oor klimaatsbeleid begin vandag

JORISNA BONTHUYS
Kaapstad

'N Beraad oor die skep van 'n nasionale klimaatsbeleid – wat veranderings aan fiskale beleid en wetgewing kan meebring – begin vandag.

Dié beraad, die eerste in sy soort, word gesamentlik deur die departement van omgewingsake en toerisme, en wetenskap en tegnologie by Gallagher Estate in Midrand aangebied.

Sowat 600 afgevaardigdes van regeringsdepartemente, die sakesektor, nieregeringsgroepe en vakbonde woon dit by.

Pres. Kgalema Motlanthe open vanmiddag die beraad, waarna mnr. Marthinus van Schalkwyk, minister van omgewingsake en toerisme, en prof. Rajendra Pachauri, hoof van die VN-klimaatspaneel, programredes lewer.

Pachauri sowel as me. Connie Hedegaard, die Deense minister van klimaat en energie, sal 'n video-aanbieding lewer.

Denemarke speel vanjaar gasheerland vir internasionale VN-klimaatsonderhandelings.

Die beraad, wat tot Vrydag duur, sal dien as platform waar rolspelers kan beraadslaag oor 'n raamwerk vir 'n sogenaamde nasionale klimaatsrespons-strategie.

Dit kom te midde van internasionale klimaatsonderhandelings en nadat die regering sy langtermyn-scenario-ontleding oor klimaatsverandering bekend gestel het.

Dié ontleding – die sogenaamde LTMS-proses – het verlede jaar die groen lig van die kabinet gekry.

Daar is hoëvlaksteun daarvoor dat Suid-Afrika se kweekhuisgasvrystellings van ongeveer 2020 tot 2030 'n dekade lank stabiliseer en daarna tot die middel van die eeu in absolute terme verminder word.

Mnr. Jeff Radebe, minister van vervoer, en me. Buyelwa Sonjica, minister van minerale en energie, sal vandag die regering se visie vir planne uitstippel om die vervoer- en energiebedryf meer klimaatsvriendelik te maak.

Me. Lindiwe Hendricks, minister van waterwese en bosbou, sal praat oor die regering se visie wat klimaatsverwante aanpassings betref.

Suid-Afrika is tans een van die lande wat die minste energie-doeltreffend ter wêreld is. As Suid-Afrika voortgaan soos nou (sonder ingrepe) sal sy kweekhuisgasinkortings teen 2050 feitlik vervierdubbel.

Die land se koolstofvoetspoor is per capita baie groot, omdat daar swaar op steenkoolbronne vir elektrisiteitsbehoeftes gesteun word. Suid-Afrika is verantwoordelik vir sowat 1,5% van die mensgemaakte kweekhuisgasse wat in die Aarde se atmosfeer vrygestel word.

Die land word beskou as een van die top-twintig besoedelaars ter wêreld en het besonder hoë CO_2-vrystellings per kapita.

■ Die regstreekse uitsending en oudiovisuele stroomuitsending van die aanbiedings is beskikbaar op www.ccsummit2009.co.za.